Nie almal is van nature goeie skrywers nie. Moenie jouself flous en dink 'n skriftelike taak kan bloot afgerammel word nie. Goeie skryfwerk verg deeglike beplanning, moeite, tyd en doodgewoon harde werk. Die goeie nuus is dat 'n mens kan leer hoe om goed te skryf. Woordvaardigheid kom nie vanself nie. Hoe meer jy skryf, hoe lekkerder (en makliker) sal dit word. Jy sê dis saai sleurwerk? Nog nooit! Eerder 'n opwindende uitdaging. Weet jy hoe bevredigend dit is om jou skryfteiken te tref? Jy wén, jy beréik iets!

# Deel 1: Kreatiewe skryfwerk

## Soorte kreatiewe skryfwerk

Daar is talle verskillende soorte kreatiewe skryfwerk. Die volgende tabel lys die belangrikste kategorieë.

| **Verhalende/Narratiewe skryfwerk** | |
|---|---|
| Doel | ■ Om 'n verhaal (narratief) te vertel of 'n verslag te gee van iets wat gebeur het. |
| Kenmerke | ■ Die stuk behoort 'n spesifieke struktuur te hê met 'n begin, dramatiese opbou (middel) en slot (afloop of einde).<br>■ Die gebeure kan werklik of denkbeeldig wees.<br>■ 'n Goeie verhaal het lewendige karakters, aksie of konflik wat beskryf word binne 'n spesifieke tyd en ruimte.<br>■ Dit het gewoonlik 'n boodskap. |
| **Beskrywende skryfwerk** | |
| Doel | ■ Om iets só te beskryf dat die leser 'n lewendige of aangrypende indruk van, en insig in, 'n persoon, objek, plek, gebeurtenis of tydperk kry.<br>■ 'n Gevoel, emosie of stemming maak dikwels deel uit van dit wat beskryf word.<br>■ Die onderwerp moet die leser boei. |
| Kenmerke | ■ Span die sintuie in (sien, hoor, voel, proe, ruik).<br>■ Maak gebruik van figuurlike taalgebruik.<br>■ Gebruik sterk werkwoorde.<br>■ Laat detail praat. |
| **Redenerende/Oorredende skryfwerk** | |
| Doel | ■ Om 'n perspektief of standpunt oor 'n saak of onderwerp só te stel dat die leser daarvan oortuig word dat jou mening reg is.<br>■ Om die leser te oortuig, te oorreed of te manipuleer. |
| Kenmerke | ■ Maak gebruik van ondersteunende bewyse.<br>■ Is meer formeel as ander soorte skryfwerk.<br>■ Het 'n gestruktureerde aanslag.<br>■ Kom tot 'n definitiewe gevolgtrekking. |

**nota**

**Sterk werkwoorde** is werkwoorde wat handeling lewendig, kort en kragtig, en in die kol beskryf, sonder die hulp van bywoorde. Dus, in plaas daarvan om te sê die man *loop stadig* en *moeisaam*, kan jy sê die man *skuifel*, of *strompel*, of *hink*.

| Beredeneerde/Diskursiewe/Vertolkende skryfwerk | |
|---|---|
| **Doel** | ■ Om albei kante (die voor- en nadele) van 'n saak te beredeneer met die doel om dit op te klaar en inligting te gee. |
| **Kenmerke** | ■ Onbevooroordeelde aanbieding met duidelike, onpartydige argumente wat gestel word.<br>■ Voorbeelde word verstrek om 'n standpunt te steun.<br>■ Vereis nie 'n gevolgtrekking nie.<br>■ Die skrywer mag sy/haar eie sienswyse gee. |


| Kreatiewe/Verbeeldingryke/Persoonlike skryfwerk | |
|---|---|
| **Doel** | ■ Om 'n denkbeeldige situasie te skep waarin persoonlike gevoelens en ervarings weergegee word. |
| **Kenmerke** | ■ Vertel 'n verhaal uit die skrywer se gesigspunt.<br>■ Maak meestal gebruik van 'n ek-verteller.<br>■ Gebruik direkte rede, waar moontlik.<br>■ Gebruik sterk werkwoorde.<br>■ Beskryf 'n outentieke ervaring of situasie.<br>■ Die toneel word dadelik geskets en die leser in die verhaal ingetrek.<br>■ Toon die skrywer se talent vir waarneming en verbeelding.<br>■ Die skryfstuk kan ook om visuele prikkels gebou word (slagspreuke, prente, foto's, gedigte, advertensies, diagramme, strokiesprente of sketse). |

## Die skryfproses

blaai aan >>
Kyk **Afdeling 10: Voorbereiding vir eksamens** op bl. 235-244.

Om doeltreffend te skryf, moet 'n bepaalde proses gevolg word.

- Volg die stappe hierna om 'n skryfopdrag maklik te voltooi.
- Om te skryf is net soos enige ander vaardigheid: as jy dit goed wil doen, moet jy oefen. 'n Atleet word fiks as hy gereeld draf; 'n skrywer skryf.



## Stap 1: Beplanning en notas

Dit is altyd moeilik om te begin. 'n Wit vel papier kan maklik tot skrywersblok lei, maar hierdie vrees kan oorwin word. Die volgende aanbevelings sal jou help om te begin.


- Kies jou onderwerp sorgvuldig. Kies die tema volgens jou kennis en sterk punte: as jy goed en logies kan redeneer, kies dan eerder 'n redenerende/ beredeneerde/diskursiewe/vertolkende opstel as 'n verhalende of 'n oorredende opstel.
- Skryf oor iets wat jy al self ervaar het of waarvan jy deeglik kennis dra. As jy 'n goeie rugbyspeler is, is dit waarskynlik maklik om oor dié sport te skryf, want jy het kennis wat ander dalk nie het nie. As jy 'n musiekinstrument bespeel, weet jy dalk meer daarvan as van ander onderwerpe.
- Skryf aanvanklik net 'n paar sinne of frases oor jou tema neer, of selfs net enkele woorde wat spontaan in jou gedagtes opkom.
- Moenie jou nou al kwel oor spelling, leestekens en grammatika nie.

## Stap 2: Ordening

Dink goed na oor wat jy met jou skryfstuk wil bereik. Watter standpunt of kerngedagte wil jy oordra?

- Kyk goed na jou idees. Besluit wat jy wil insluit en watter argumente en gedagtes nie van toepassing is nie.
- Orden jou gedagtes deur 'n breinkaart, diagram of skema te gebruik.
- Gebruik lyne, boksies, vorms, pyle en sirkels om verhoudings en logiese opeenvolging aan te dui.

Op die volgende breinkaart (kopkaart), span 'n skrywer vorms in om sy/haar gedagtes oor 'n eerste spesiale afspraak te beplan. 'n Breinkaart stel jou in staat om op papier te "dink" en jou gedagtes te orden.



## Stap 3: Eerste geskrewe weergawe

Skryf die eerste weergawe van jou opstel.

- Terwyl jy skryf, sal nuwe insigte en idees by jou opkom – dit is deel van die kreatiewe proses.
- Moenie bekommerd wees as jy 'n idee of gedagtegang nie kan voltooi nie. Laat net 'n oop spasie en gaan aan met skryf. Skryf vinnig.
- Moenie nou onnodig tyd bestee aan leestekens, grammatika en spelling nie. Jy sal in die volgende stap noukeurig daaraan aandag gee.
- Vra jouself vrae terwyl jy skryf. Die tabel hierna gee 'n aanduiding van die soort vrae wat jy jou kan afvra.

| | |
|---|---|
| My **inleiding** . . . | ▪ Gryp dit die leser se verbeelding aan?<br>▪ Bevat dit reeds die kern van dít wat gaan volg?<br>▪ Gee dit die rede van die opstel?<br>▪ Trek dit aandag deur 'n verrassende stelling? |
| Vorm my skryfwerk 'n **geheel**? | ▪ Vloei die argumente oortuigend en logies uit 'n kerntema?<br>▪ Ondersteun al die paragrawe die hooftema en brei dit daarop uit? |
| Word my aannames **ondersteun**? | ▪ Is daar genoeg ondersteunende paragrawe waarin ek my inleidende argument kan ontwikkel?<br>▪ Is daar genoeg detail in elke paragraaf?<br>▪ Het elke paragraaf 'n kerngedagte of temasin wat by die hooftema aansluit? |
| Is my skryfwerk **gestruktureer**? | ▪ Het ek 'n interessante inleiding met stewige, ondersteunende paragrawe.<br>▪ Is die slot afgerond en verrassend?<br>▪ Gebruik ek woorde en frases wat die paragrawe skakel, soos *maar, dus, derhalwe* en *trouens*? ('n Sleutelwoord in 'n vorige paragraaf kan dikwels as 'n skakel gebruik word.)<br>▪ Het my gevolgtrekking betrekking op die tema? Vat dit die tema mooi saam? Bevestig dit 'n kernstandpunt? |
| Het ek 'n logiese, netjiese **einde** geskryf? | ▪ Het ek my opstel só afgerond dat die leser 'n gevoel van bevrediging en volledigheid kry?<br>▪ Het ek met 'n sterk sin, 'n aanhaling, 'n vraag, 'n waarskuwing, 'n treffende beeld, oproep tot aksie of 'n verrassende idee geëindig?<br>▪ Het ek daarin geslaag om 'n slap, verbeeldinglose, voorspelbare einde te vermy, soos: *Ten slotte wil ek net sê dat . . .* |

## Stap 4: Proeflees en redigering

Proeflees en redigering is 'n **deurslaggewende aspek** van die skryfproses. Gee altyd noukeurig aandag hieraan. 'n Slordige opstel met onnodige foute wek nie net 'n swak indruk nie, maar gaan jou beslis punte kos. In hierdie stap moet jy **krities** na jou skryfwerk kyk, asof deur die oë van die nasiener. As 'n

'n **Eselsbrug** is 'n selfgeskepte woord wat jou iets help onthou. Vergelyk die nota op bl. 132

eselsbrug kan jy die akroniem SPETSS gebruik. Dit staan vir **Spelling, Punktuasie (leestekens), Emosie, Taal, Skakeling van woorde, Struktuur.**

| S | P | E | T | S | S |
|---|---|---|---|---|---|
| Spelling | Punktuasie | Emosie | Taal | Skakeling | Struktuur |

<< blaai terug

Kyk weer **Spelling en woordeskat** op bl. 32-58.

Kyk weer **Leestekens in sinne** op bl. 77-89.

## Spelling

- Maak seker dat jy reg spel, veral basiese woorde.
- Maak seker dat jy die basiese spelreëls van Afrikaans ken en pas dit noukeurig toe.
- Loop wakker vir algemene spelfoute en taalslaggate. (Hou 'n lys by van woorde wat jy gereeld verkeerd spel.)

## Leestekens (punktuasie)

- Voeg leestekens op die regte plekke in.
- Het jy punte en hoofletters op die regte plekke geplaas?
- Het jy kommas en kommapunte oordeelkundig aangewend?
- Het jy die regte leestekens gebruik vir byvoorbeeld direkte rede en aanhalings?
- Het jy diakritiese tekens (deeltekens, kappies, ensovoorts) gebruik waar nodig?
- Maak seker dat jy afkappingstekens reg gebruik.
- Maak al jou foute reg.

## Emosie

Maak seker dat jy gevoelens en emosies beskryf het waar dit van toepassing is. Geen mens voel niks wanneer hy/sy 'n meisie/ou die eerste keer soen nie. Beskryf gerus jou gevoelens, maar wees versigtig om nie soetsappig te raak nie. As jy dit regkry om emosies betroubaar oor te dra, word die leser daardeur meegesleur. Wees eerlik en opreg in jou beskrywings. Lesers kom baie gou agter as dit nie die geval is nie.

- Is jou beskrywings sterk, gefokus en interessant?
- Voel jou leser verleë, of erger nog – verveeld?
- Is jou werkwoorde beskrywend en lewendig – of flou?
- Is jou byvoeglike naamwoorde toepaslik en in die kol?
- Is jy oorspronklik? Vermy deurgetrapte woorde soos *wonderlik, lekker, fantasties* en *oulik* – tensy dit funksioneel is.

## Taal

Soek en maak al jou foute reg. Hou veral die volgende punte in gedagte:

- Taalkundige korrektheid (let byvoorbeeld op die dubbele *nie* vir ontkenning; woordorde en sinstruktuur; woordbreuke; hooflettergebruik; die spelling en skryfwyse van woorde – los, vas of met 'n koppelteken).
- Herskryf clichés.

- Vervang of skrap verkeerde, niksseggende of swak gekose woorde.
- Raak ontslae van oortolligheid en onnodige herhaling. (Moenie gorrel nie!)
- Let op verkeerde register. Maak seker jou register is reg (kyk bl. 108-110).
- Maak plan met onvoltooide sinne.
- Let op sinslengte. Gebruik liewer 'n paar kort sinne as 'n lang, verwarrende sin.

**<< blaai terug**

Kyk die notas by al hierdie aspekte van taal in Afdeling 1 en Afdeling 2.

## Skakelwoorde

Woordskakels of skakelwoorde is soos padtekens wat vir reisigers rigting aandui. Dit help die leser om jou gedagtestroom te volg. Gebruik woorde wat een sin logies met die volgende verbind, of wat die verhouding tussen twee paragrawe aandui. Jy kan van die woorde in die volgende tabel gebruik om sinne of paragrawe te verbind.

| | | | |
|---|---|---|---|
| aan die ander kant | aldus | boonop | buitendien |
| derhalwe | dus | eerstens | hoe ook al |
| inderdaad | maar | op dié manier | op dieselfde manier |
| origens | sekerlik | so | tog |
| tot dusver | tweedens | uiteindelik | verder |
| vervolgens | voorts | | |

## Struktuur

Hou deurentyd die struktuur van jou opstel of skryfwerk in gedagte.

- Die volgende struktuur is maklik om te verstaan en te gebruik: 'n opwindende, aangrypende inleiding; gevolg deur duidelike, goed geïntegreerde ondersteunende paragrawe met sterk argumente as die lyf (middel), en dan 'n gevatte, slim, bevredigende slot (einde).
- Gebruik skakelwoorde om jou gedagtes, aksies en gebeure logies te laat ontwikkel.
- Jou skryfwerk moet logies vanuit die inleiding deur die ontwikkeling van jou standpunte of argumente na 'n bevredigende slot vloei. Aan die einde behoort daar geen los gedagtes of stellings te wees wat nie met die geheel skakel nie.
- Dit kan vir opwinding sorg as jy in die slot nie net die geheel afsluit nie, maar ook 'n nuwe vraag stel wat tot 'n interessante, nuwe gedagterigting lei. Byvoorbeeld:

  Dit is duidelik dat die eietydse mens wetenskap en tegnologie inspan om sy leefwêreld verstaanbaar te maak – maar staan ons nie aan die begin van 'n nuwe leefwêreld nie?

## Stap 5: Finale, netjiese weergawe

> ✍ **nota**
> Hou jou sinne kort en bondig as jy weet dat dit vir jou moeilik is om goed te skryf.

Berei die finale weergawe van jou opstel voor: werk al jou verbeterings en redigeernotas op die eerste weergawe by. Gaan weer 'n keer met 'n fynkam deur jou werk. En onthou, 'n netjiese stuk (maklik leesbare!) skryfwerk maak altyd 'n goeie indruk op 'n nasiener.

### Voorbeeld

Vergelyk noukeurig die volgende twee weergawes van 'n opstel – 'n eerste, vinnige weergawe, gevolg deur 'n tweede, verbeterde teks.

### Weergawe 1

Hoërskool is nag!

Daar is baie probleme in die ~~höerskool~~ [hoërskool]. My lewe is vol probleme, van ~~boek~~ [hoek] tot kant.

**Kommentaar**

- Die inleiding sluit wel by die tema of onderwerp aan en voorspel wat gaan volg, maar dis flou en kort meer skop. Vermy onnodige herhaling (*probleme*). Speel met beeldspraak en metafore, en trek die leser dadelik in jou (donker) gevoelstroom in. Moontlikhede is: *tonnel, mallemeule, put, maalstroom*. Dink aan nog!

Om die waarheid te sê, ek weet nie waar om te begin as ek oor alles moet praat nie. Ek weet ek het probleme wat ek self veroorsaak, maar ek het ook onderwysers wat my probleme gee. Sowaar, dit alles het bygedra dat my gr. 10 reg [v]anaf dag een 'n flop is.

**Kommentaar**

- *Om die waarheid te sê* (reeds in paragraaf 2) is onnodig. Vermy onnodige woordherhaling – *probleme* – dit raak vervelig. Ook *dit alles het bygedra* is vanselfsprekend en onnodig.
- Gebruik punte met afkortings, dus *gr. 10*, of skryf die woord uit: *graad tien*.
- Die Engelse woord *flop* kan in Afrikaans met *flop, misoes, mislukking* of *fiasko* vertaal word. Die woord *flop* is 'n meer informele keuse en werk hier goed as deel van tienertaal, maar vermy so 'n loslit woord in 'n saakliker soort opstel.

As ek aan my onderwysers dink, dan lyk dit [of] niemand van my hou nie. Hulle is heeltemal te strng [streng] en het geen waardering vir my talente nie. Hulle is, om die waarheid te sê, verskriklik. Ek is 'n ~~interresante~~ [interessante] mens met ~~speisale~~ [spesiale] vaardighede, maar niemand stel belang om uit te vind wat dit is nie. Dit is veral my wiskunde[-]onnie, 'n kwaai vrou met die bynaam Hitler, wat 'n ramp is. Sy vind fout met alles wat ek doen. As ek net my mond oopmaak om iets vir Vaatjie[,] my ~~friend~~ [vriend,] te ~~sé~~ [sê] dan klim sy in my keel af. Het sy geen begrip daarvoor dat my vriende belangrik is en dat ek net ondersteuning soek nie? Menslike kontak, dit is al wat ek wil hê.

**Kommentaar**

- *Nie van my hou nie* kan vervang word deur 'n uitdrukking soos *geen ooghare/trek vir my hê nie; heeltemal* kan vervang word deur *gans; interessante mens met spesiale vaardighede* klink effens styf en vaag tussen ander kleurryker, beskrywender woordkeuses wat gevoel oordra.
- *Verstaan sy dan nie* ... kan dalk beter in die denkstroom van die skrywer pas as *Het sy geen begrip daarvoor . . . nie.*
- Plaas die wiskunde-onnie in 'n nuwe paragraaf. In die volgende paragraaf val die kollig weer op die geskiedenisonderwyser.
- Hitler is nie noodwendig 'n ramp nie, dit is bloot die skrywer se persepsie. Die naam *Hitler* impliseer reeds in hierdie konteks dat dit 'n bynaam is en dat die opvoeder kwaai is. Indien verkies, kan *kwaai* voor *wiskunde-onnie* geplaas word, of 'n kragtiger, meer "militaristiese" byvoeglike naamwoord.

- Enersyds alliteer *klim sy in my keel af* mooi, andersyds sou *spring* dalk meer dinamies wees – speel met moontlikhede!

Die ander perd wat my heeltemal lam maak, is ons geskied[e]nisonderwyser[,] mnr[.] ~~v~~[V]an Wyk. Hy dink ek is 'n wandelende ramp en sê ek het 'n verkeerde attitude. ~~Noudie~~ [Nou die] dag sê hy nog vir my: Jy moet regkom, Smit. Jy sal moet werk aan jou houding. En dit terwyl ek met my liefde vir geskied[e]nis tien teen een sy top[-]student gaan wees. Hy het nog nooit iemand in sy klas gehad wat al van kindsbeen na die geskied[e]nis-kanaal op ~~tellevisie~~ [televisie] kyk nie — dis ek daai! Ek weet alles, ek hoef regtig nie te leer vir 'n toets nie! Ek verstaan nie waarom ek in die laaste toets so vrot gevaar het nie, want ek hét [na] 'n program oor die ~~anglo~~ [Anglo-]Boereoorlog op ~~tv~~ [TV] gekyk.

**Kommentaar**

- Die woord *perd* is baie informeel, maar verleen kleur en dra die skrywer se gevoelens oor. 'n Bynaam sou die onderwyser, soos in Hitler se geval, karakteriseer en beter by die informele styl pas. Wat van Napoleon? Moenie "regte" name en vanne gebruik nie! Onthou ook dat *dis* en *onnie* meer informeel is as *dit is* en *onderwyser*.

Op die sportveld gaan dit net so verskriklik. Op laerskool was ek 'n uitblinker in sokker, maar nee, in hierdie skool dink almal rugby is belangriker. Ek het probeer om met die skoolhoof daaroor te praat, maar hy het net gesê dit is moeilik om 'n sokkerafrigter te kry. Toe ek sê "maar sóék een", het hy bossies gegaan. Ek het besluit om rugby te boikot. Dis hulle verlies!

**Kommentaar**

- Bring woordvariasie in: *verskriklik* is al in paragraaf 3 gebruik.

Ek moet nie eens begin om te sê hoe gross my liefdeslewe is nie! Sarine het my afgesê, en dit ~~na~~ [ná] net twee weke dat ons 'n item was. Ek het daardie aand 'n plak tjoklits geëet en natuurlik was ek toe die volgende dag oortrek van zitte. Ek kon seker maar gedink het dit sal gebeur!

**Kommentaar**

- Herhaling: *begin om te sê*. Vermy Engelse (mode)woorde en direkte vertalings daarvan. As jy dit móét gebruik, plaas dit tussen aanhalingstekens. As jy wil, kan jy hier 'n byvoeglike naamwoord voor *liefdeslewe* invoeg, soos *goorder-as-goor* of *patetiese*. Die sin impliseer reeds dat dit erg is.
- *oortrek van zitte*: eerder *oortrek van puisies* of *oortrek van bulte en knoppe*.
- Die woord *tjoklits* word beskou as Omgangsafrikaans. Vir die suiwer Afrikaanse woordkeuse *plak* sou *sjokolade* 'n beter pasmaat wees, maar *tjoklits* sluit hier beter aan by die skrywer se leefwêreld.

Miskien is mnr[.] Van Wyk tog reg. Dalk moet ek werk aan my houding, want ek is nié 'n ramp op twee bene nie. Gee my net 'n dag of wat dat my vel beter lyk, dan gaan ek 'n nuwe begin maak.

Of moet ek sommer vandag begin?

**Kommentaar**

- 'n Goeie einde met 'n verrassende kinkel!
- Dié opstel lyk na 'n eerste, vinnige weergawe – vol onnodige herhaling en oorhaastige skryf- en spelfoute. Lees altyd jou skryfwerk deur vir lomp foute en herskryf jou "storie".

## Weergawe 2

Hoërskool is nag!

My lewe is een groot nagmerrie.

Ek weet nie waar om te begin as ek oor alles moet praat nie. Ek veroorsaak nou wel baie van my probleme self, maar my onderwysers kan ook nie juis onskuldig pleit nie. Sowaar, reg van dag een af was my graad tien 'n flop. My trappe van vergelyking vir hierdie plek is: hoërskool, goorskool, moorskool!

Dit lyk nie juis asof een enkele onderwyser van my hou nie. Hulle is heeltemal te streng en waardeer nie my talente nie. Hulle is, om die waarheid te sê, verskriklik. Ek is 'n interessante mens met spesiale vaardighede, maar niemand stel belang om uit te vind wat dit is nie.

Hitler, my wiskunde-onnie, gee my veral opdraande. Sy kritiseer alles wat ek doen. As ek net my mond oopmaak om iets vir my vriend Vaatjie te sê, spring sy in my keel af. Het sy geen begrip daarvoor dat my vriende vir my belangrik is en dat ek net ondersteuning soek nie? Menslike kontak, dit is al wat ek wil hê.

Die ander perd wat my heeltemal lam maak, is ons geskiedenisonderwyser, mnr. Van Wyk. Hy dink ek is 'n wandelende ramp. "Jy moet regkom, Smit, jy sal moet werk aan jou houding!" sê hy mos nou die dag vir my. En dit terwyl ek met my liefde vir geskiedenis tien teen een sy topstudent gaan wees! Hy het nog nooit iemand in sy klas gehad wat al van kindsbeen af na die geskiedeniskanaal op televisie kyk nie — dis ek daardie! Ek weet alles, ek hoef regtig nie te leer vir 'n toets nie! Ek verstaan nie waarom ek in die vorige toets so vrot gevaar het nie. Ek hét dan na 'n TV-program oor die Anglo-Boereoorlog gekyk.

Op die sportveld gaan dit net so beroerd. Op laerskool was ek 'n uitblinker in sokker, maar nee, in hierdie skool dink almal mos die lewe draai om rugby. Ek het met die skoolhoof daaroor probeer praat, maar hy het net gesê dit is moeilik om 'n sokkerafrigter te kry. Toe ek sê "maar sóék een", het hy ontplof. Ek het besluit om rugby te boikot. Dis hulle verlies!

Ek moenie eens begin uitwei oor my liefdeslewe nie. Sarine het my afgesê, en dit ná net twee weke saam. Ek het my daardie aand oorgegee aan 'n plak tjoklits en natuurlik lyk my gesig toe die volgende dag soos 'n slagveld. Ek kon seker maar gedink het dit sal gebeur!

Miskien is mnr. Van Wyk tog reg. Dalk moet ek werk aan my houding, want ek is nié 'n ramp op twee bene nie. Gee my net 'n dag of wat dat my vel beter lyk, dan maak ek 'n nuwe begin.

Of moet ek sommer vandag begin?

# Dialoog

Dialoog is 'n **gesprek** tussen twee of meer persone. Dit word geskryf soos 'n drama en volg **spesifieke reëls** wat betref leestekens en uitleg.

## Riglyne vir die skryf van dialoog

Die volgende riglyne geld vir die skryf van dialoog tussen sprekers.

- Skryf die naam van elke spreker aan die linkerkant, gevolg deur 'n dubbelpunt.

- Laat 'n spasie voordat jy begin skryf wat elke spreker sê.
- Al is dialoog in die direkte rede, word geen aanhalingstekens gebruik nie.
- Plaas die dialoog(teks) netjies met elke spreker se woorde onder mekaar. Moenie die woorde onder die naam van die spreker skryf nie.
- Laat 'n reël oop tussen elke nuwe spreker.
- Leestekens kan, waar nodig, gebruik word om die toon aan te dui, byvoorbeeld vraagtekens en uitroeptekens.
- Skryf alle ekstra inligting, soos die spreker se handelinge en stemtoon, tussen hakies voordat die woorde uitgespreek word, byvoorbeeld (*hartseer*).
- Maak seker dat elke spreker die regte register gebruik.
- Dink na oor die sprekers en probeer om elkeen se individuele karaktereienskappe deur sy/haar woorde te laat blyk.

**<< blaai terug**
Kyk weer **Register** op bl. 108-110.

**Voorbeeld**

| | |
|---|---|
| Henry: | Kom, Alexander die Grote, ons oefening is oor vyftien minute. |
| Alex: | (*Lyk vies*) Meneer Pieterse het gesê ek moenie kom nie. Kan jy dit glo, hy sê hy is siek en sat daarvoor dat ek so 'n selfsugtige speler is. Hy hou nie van die manier waarop ek die bal vashou en nooit uitgee nie. |
| Henry: | (*Knik sy kop*) Weet jy, Alex, ek haat dit om dit te erken, maar hierdie keer is ou Pieterse nogal reg. Jy's my pel en ek wou dit al lankal vir jou sê, maar ek het nog altyd net te sleg gevoel. Al die ander manne in die span kla dat jy net vir jouself speel. Rugby is 'n spanspel! |
| Alex: | My blikskottel! En jy swyg soos die graf. (*Angstig*) Ek het geen benul gehad dat julle so voel nie. Julle kon maar lankal met my gepraat het! |
| Henry: | (*Dink na*) Miskien is dit nog nie te laat om iets daaraan te doen nie. Kom ons gaan na meneer Pieterse en sê vir hom jy het net nie besef jy speel so selfsugtig nie. (*Opgewonde*) Ek is doodseker hy sal jou toelaat om te oefen as ek met hom praat. |
| Alex: | (*Verlig*) Dankie, Henry. Is jy seker jy gee nie om nie? |

**Let wel:**

As jy baie en wyd lees, sal dit jou beslis help om 'n beter skrywer te wees. As jy lees, leer jy verskeie aspekte van taal – en dit boonop sonder inspanning. Lees is pret! As jy verskillende boeke, tydskrifte en koerante lees, word jy blootgestel aan 'n groot verskeidenheid style, strukture en registers. Lees is noodsaaklik om jou woordeskat uit te brei, jou spelvermoë te verbeter en om kennis en insig oor baie onderwerpe te kry. Lees gerus literatuur oor dinge wat jou interesseer, maar verbreed jou horison en kennis deur oor méér onderwerpe as net jou stokperdjies te lees.

# Deel 2: Transaksionele skryfwerk

Transaksionele skryfwerk is gerig op kommunikasie en die oordra van inligting in **alledaagse situasies**. Dit kommunikeer 'n boodskap om **praktiese redes**.

- Elke soort skryfwerk het 'n ander formaat. Die uitleg van 'n vriendskaplike brief lyk daarom byvoorbeeld heeltemal anders as dié van 'n formele brief. Jy moet hierdie konvensies of stylreëls ken, omdat jy punte gaan kry vir dié aspek van skryfwerk.
- Elke soort skryfwerk het 'n spesifieke register, styl en toon wat saamhang met die formaat en die inhoud.

## Briewe

Die inhoud, sowel as die formaat, van jou brief hang af van die persoon (ontvanger) aan wie jy skryf, asook van die doel van die brief. Dít sal weer bepaal in watter register jy gaan skryf. Afkortings is byvoorbeeld heeltemal aanvaarbaar in 'n brief aan 'n vriend, maar nie in 'n brief aan die skoolhoof nie.

### Informele brief (geselsbrief)

Die volgende tabel lys die punte wat jy in gedagte moet hou wanneer jy 'n informele of geselsbrief skryf.

| | |
|---|---|
| Adres | ▪ Die adres is aan die regterkant van die bladsy.<br>▪ Geen kommas en punte nie.<br>▪ Skryf die datum voluit.<br>▪ Moenie afkortings gebruik nie.<br>▪ Gee altyd die poskode.<br>▪ Skryf in blokvorm. |
| Aanhef | ▪ Moenie 'n reël na die adres ooplaat nie.<br>▪ Moet nooit 'n komma na die aanhef plaas nie.<br>▪ Gebruik die woorde Beste ... of Liewe ...<br>▪ Laat 'n reël oop na die aanhef. |
| Inhoud van die brief | ▪ Laat 'n reël oop tussen paragrawe.<br>▪ Skryf in blokvorm.<br>▪ Skryf ten minste twee paragrawe.<br>▪ Die inhoud van die brief (lyf of middel) bevat die rede vir die skrywe. |
| Afsluiting of gevolgtrekking | ▪ Laat 'n reël oop na die laaste paragraaf.<br>▪ Moenie kommas gebruik nie.<br>▪ Gebruik Met beste wense of Jou vriend of Jul verlangende kleinkind/kleindogter/kleinseun.<br>▪ Net die eerste letter van die afsluiting is 'n hoofletter. |

## Riglyne vir die skryf van 'n informele brief

Onthou dié drie belangrike dinge as jy 'n informele brief skryf:

- Moenie jou sinne aanvul met betekenislose stellings en onnodige vrae net om woorde te wen en spasie te vul nie. Vermy stereotipes soos:
  - Hoe gaan dit met jou, met my gaan dit nog goed. (Dit is 'n cliché.)
  - Wat doen jy?
  - Ek skryf aan jou om jou te vertel dat . . .
- Moenie iemand aanspreek met *Haai* of *Hoesit* nie, selfs nie eens in 'n informele brief nie. Dit is nie hoflik nie.

**Voorbeeld**

Markstraat 164
Melkbosstrand
7441
26 Oktober 2010
— Adres

Aanhef — Beste Lindie

Paragraaf 1 — Ek is baie bly dat my reiselings nou uiteindelik gefinaliseer is.
...............................

Paragraaf 2 — Die vooruitsig om volgende jaar 'n student te wees, is baie opwindend. Soos jy goed weet, was dit nog altyd my droom om eendag ...
...............................

Paragraaf 3 — Vir oulaas wil ek net my vlugbesonderhede vir jou gee. Die vlugnommer is SAL 198 en ek kom Donderdag 11 November om tienuur aan. Ek waardeer dit dat julle my daar sal ontmoet en sien vreeslik uit na ons tydjie saam.

Slot/Afsluiting —
Met vriendelike groete
Of: Groete
Of: Beste wense
Of: Liefde
Of: Alles wat mooi is
Adri